

JANUARIE TEMA: God se verlossingstroos in die Ou Testament belowe

Dinsdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-17 (AFR2020)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:12, 13

Jesus Christus het gekom, en Hy kom weer!

Die Here God rig 'n verbond met Dawid op, 'n onvoorwaardelike belofte aan Dawid en sy nageslag. Hierdie verbond is die sleutel om God se belofte van 'n koning uit die geslag van Dawid om vir ewig te regeer, te verstaan.

Koning Dawid was in die laaste jare van sy regering. God het Dawid geseën, sy vyande verslaan. En Dawid wou reageer op God se seën deur 'n woning vir die ark van God te bou. Maar God sê nee, die Here God gaan eers iets vir Dawid doen.

Is dit nie hoe God altyd werk nie? God se werk gaan altyd ons werk vooraf. Die Here is altyd die een wat die inisiatief neem.

So word ons ook herinner aan God se verbond met Dawid. Uit die geslag van Dawid kom Jesus, die Verlosser. Ons moet verstaan dat God se verbond met Dawid 'n ewige koninkryk tot stand gebring het. Jesus, die afstammeling van Dawid wat uit die dood sou opstaan, wat die bouer van God se huis is, wat die besitter van 'n hemelse troon is, wat die eienaar van die ewige koninkryk is, wat die Seun van God is. Die verbond met Dawid en sy nageslag is volbring.

Jesus het gekom, en Hy kom weer! En ons wag gretig vir die wederkoms van Dawid se seun, Koning Jesus, om sy ewige koninkryk te voltooi en te heers en sigbaar te regeer vir ewig en altyd. Jy en ek kan niks doen sonder om te sien dat God reeds alles gedoen het wat nodig is nie. Hy het inisiatief geneem, 'n Verlosser gestuur en sy verbond aan jou en my ook kom volbring.

Sing: Psalm 25-1:1, 7

Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)